



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Ons kan nie trek sonder Beertjie nie! deur Anna Emm

Vandag is trek-dag. Pappa en Mamma en klein Elsa trek na 'n nuwe huis toe, en hulle is baie opgewonde. Maar o aarde! Nou kan Elsa haar gunsteling teddiebeer, Beertjie, nêrens kry nie.

“Hy was net hier op die bed,” sê sy bekommerd. “Ons kan nie trek sonder Beertjie nie!”

Beertjie wás op die bed, maar toe word hy bang die mense vergeet hom daar, en hy klim van die bed af. Nou lê hy onder die bed in die donker, en hulle kan hom nie sien nie. Hulle soek oral. Uiteindelik kyk klein Elsa onder die bed in.

“Hy is nie onder die bed nie,” sug sy bekommerd. “Ons kan nie trek sonder Beertjie nie!”

Beertjie wás onder die bed, maar toe word hy bang die mense vergeet hom daar, en hy klouter binne in die speelgoedkis. Die mense kan hom nie sien nie. Hulle soek oral. Uiteindelik kyk klein Elsa binne in die speelgoedkis.

“Hy is nie in die kis nie,” sê sy en skud haar kop. “Ons kan nie trek sonder Beertjie nie!”

Beertjie wás in die speelgoedkis, maar toe word hy bang die mens vergeet hom daar, en hy klim eerder al met die gordyn langs tot op die tafel. Niemand sien hom op die tafel nie. Hulle soek oral. Uiteindelik kyk klein Elsa op die tafel.

“Hy is ook nie hier nie!” roep sy hartseer. “Ons kan nie trek sonder Beertjie nie!”

Want Beertjie wás op die tafel, maar toe word hy bang hulle vergeet hom daar, en hy klim af tot bo-op Mamma se tas. Niemand sien hom op die tas sit nie, en hulle soek oral na hom. Uiteindelik kyk klein Elsa na die tas. Maar Beertjie is nie meer daar nie. Hy was bang hulle vergeet hom daar, en toe klim hy maar binne in die kartonboks wat by die deur staan.

Die mans wat die trek in die lorie moet laai, sien vir Beertjie in die boks.

“Wie se beertjie is dit díe?” vra een van die mans. “Moet hy saam met die boks in die lorie gelaai word?”


O, en nou is klein Elsa so bly! Sy gryp vir Beertjie en druk hom styf vas. “Ons kan nie trek sonder Beertjie nie!” roep sy bly.

“Sien,” sê Mamma, “jy was verniet bekommerd. Ons het hom alreeds binne in die boks gepak. Ons het net vergeet!”

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

Ons kan nie trek sonder Beertjie nie! illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)